Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

JULIE 2017

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

EENPARIGE STEMME VIR BURGEMEESTER SMITH SE EERSTE BEGROTING

Die 2017/2018-begroting van die munisipaliteit is op 31 Mei 2017 vir die eerste keer in baie jare eenparig deur die Raad goedgekeur. Alle raadslede, lede van die publiek en amptenare was tydens hierdie vergadering teenwoordig.

Die nuwe munisipale begroting en vyfjaar Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) sal vanaf 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018 geïmplementeer word. Afskrifte van die finale GOP en begrotingsdokumente is ter insae beskikbaar by die kantore van alle areabestuurders, alle openbare biblioteke in die munisipale gebied en op die munisipaliteit se webwerf **(www.overstrand.gov.za) - klik op 'strategic documents', dan op 'budget' of 'IDP')**.

Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith het in sy begrotingsverslag uitgelig dat die begroting vir 2017/18 'n bedrag van R1,135 miljard beloop, waarvan R97,6 miljoen vir kapitaaluitgawes en R1,038 miljard vir bedryfsdoeleindes aangewend sal word.

Befondsingsbronne vir kapitaalprojekte sal gegenereer word uit toelaebefondsing ter waarde van R47,8 miljoen en eie finansiering in ten bedrae van R49,8 miljoen, waarvan R30 miljoen eksterne leningsfinansiering sal wees.

Die Uitvoerende Burgemeester het sy begrotingsrede aan die vergadering gelewer:

"Die vyfjaar-GOP en gepaardgaande begrotingsverslag sal gebruik word as 'n padkaart om ons infrastruktuurontwikkelingsdienste in te lig na aanleiding van die prioriteite wat deur die proses van openbare deelname geïdentifiseer is.

Ek is trots om u mee te deel dat ons munisipaliteit steeds as 'n sterk gemeenskapsgerigte en dienslewerings-gerigte organisasie sal funksioneer.

In die lig hiervan is 50% van ons inkomstebegroting vir basiese dienste bewillig. Nie minder nie as 19% is bewillig vir ekonomiese ontwikkeling en maatskaplike opheffing, 10% vir die handhawing van 'n veilige en gesonde omgewing, en 21% sal bestee word aan die bevordering van goeie, gesonde en deursigtige korporatiewe beheer.

Benewens bogenoemde bedryfsuitgawes, is 65% van ons kapitaalbegroting aan deernistoelaes toegeken.

Dit is 'n duidelike bewys van die waarde wat ons plaas op die mense wat ons dien, en wat deel van ons gemeenskappe uitmaak.

Ons wil sien dat die Overstrand 'n gesogte plek bly vir mense om in te woon en te werk, en ons wil 'n goeie lewenspeil waarborg aan almal wat hier woon.

Ons sal egter die gemeenskap se volgehoue ondersteuning en interaksie nodig hê om toe te sien dat die doelwitte wat in hierdie dokumente gestel word, ons pad vorentoe bepaal.

Die GOP en Begroting is dus nie statiese dokumente met vasgestelde doelwitte nie, maar eerder lewende dokumente om die gesamentlike waardes en beginsels wat ons munisipaliteit nastreef, te handhaaf.

Met hierdie dokumente poog ons om te wys dat ons omgee, dat ons dien en dat ons behoort, en ons moedig ons gemeenskappe aan om nie slegs te sorg dat ons gestand doen aan hierdie waardes nie, maar ook om ons te help om uitvoering aan ons visie te gee.

Ek wil afsluit deur die publiek te bedank vir hul deelname aan die proses en om toe te sien dat ons strategiese doelwitte ons gemeenskappe bystaan en ondersteun waar dit die nodigste is.

Ek wil ook graag 'n woord van dank rig aan die Overstrand Administrasie vir die samestelling van hierdie omvattende dokumente en vertrou dat dit met die nodige aandag en toewyding op 'n kostedoeltreffende wyse geïmplementeer sal word.

Laastens wil ek my mederaadslede bedank vir die eendrag wat gedurende hierdie proses geopenbaar is en om te verseker dat hierdie dokumente die behoeftes van al ons gemeenskappe aanspreek."

OVERSTRAND SE BEGROTING VAN R1,135 MILJARD VIR 2017/18- FINANSIËLE JAAR GOEDGEKEUR

Die volle Raad van Overstrand Munisipaliteit het die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en begroting van R1,135 miljard vir die 2017/18- finansiële jaar eenparig goedgekeur.

Die totale 2017/18-begroting bestaan uit 'n kapitaalbegroting van R97,6 miljoen en 'n bedryfsbegroting van R1,038 miljard.

Met die uitsondering van eiendomsbelasting wat met 7,4% styg, styg ander diensgelde gemiddeld met 6%. Tariewe vir elektrisiteitsverbruik styg met 'n maksimum van 1,88%.

BEGROTING VIR BEDRYFSINKOMSTE

Die totale bedryfsinkomste beloop R993,2 miljoen, met 'n begrotingstekort van R44,6 miljoen.

Die tekort is hoofsaaklik weens niekontant-items soos waardevermindering, voorsiening vir na-aftreevoordele en skuldverlies vir verkeersboetes ten bedrae van R160 802 798, waarvan 'n groot gedeelte vir waardeverminde-ring verband hou met ontbondelde bates met die implementering van GRAP. "Dit beteken dat ons begroting ten spyte van die tekort ten volle kontant-gesteun is, soos bekragtig deur Provinsiale Tesourie in hul assessering van die nuwe begroting," het Uitvoerende Burgemeester Smith gesê.

Befondsing vir die 2017/18-bedryfsbegroting sal van verskillende bronne afkomstig wees. Dit sluit diensgelde soos elektrisiteit, water, sanitasie en vullisverwydering in. Ander groot befondsingsbronne sluit eiendomsbelasting in, asook toelaes en subsidies wat van die nasionale en provinsiale regering ontvang word.

KAPITAALBEGROTING

Die kapitaalbegroting vir 2017/18 beloop R97,6 miljoen, wat 13% meer is as die 2016/17-aansuiweringsbegroting.

Dit sluit 'n bedrag van R1 632 000 in wat as oorrolprojekte van 2016/17 geïdentifiseer is, asook 'n verlaging in die behuisingstoekenning wat na die 2016/17-finansiële jaar oorgedra is en herprioritisering van die 2017/18-toekenning.

'n Totaal van R7,8 miljoen van die kapitaalbegroting sal aangewend word om nuwe voertuie uit eie fondse aan te koop.

TIPE UITGAWES

1.	Salarisse & Lone	333 225 000
2.	Vergoeding van Raadslede	10 053 000
3.	Skuldverlies	22 792 000
4.	Waardedalingsverliese op bates	130 287 000
5.	Finansieringsheffings	47 440 000
6.	Grootmaataankope	211 447 000
TOTAAL		**1 037 801 000**





INKOMSTEBRONNE

1.	Eiendomsbelasting	212 784 000
2.	Elektrisiteit	339 249 000
3.	Water	114 494 000
4.	Sanitasie	67 869 000
5.	Vullis	55 388 000
6.	Grootmaataankope	647 000
TOTAAL		**993 217 000**

MUNISIPALE REKENINGE: HOE 2017/18 SE MAANDELIKSE MUNISIPALE REKENINGE SAL LYK

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2017/18

Hoë verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie: R3 500 000	Jaar 2016/17	Jaar 2017/18	Bedrag	% Verhoog
Belasting	1 090,20	1 170,87	80,67	7,40
Riool* Tarief Kode: **SE7A1+SE8A**	505,95	536,30	30,35	6,00
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis **Een keer per week**	146,26	155,04	8,78	6,00
Water 50 kℓ	961,68	1 020,70	59,03	6,14
BTW	231,78	245,52	13,74	5,93
SUBTOTAAL	**2 977,57**	**3 170,15**	**192,58**	**6,47**
Elektrisiteit Voorafbetaalde Meter 1500 kWh	2 609,75	2 659,14	49,40	1,89
BTW	365,36	372,28	6,92	1,89
TOTAAL	**5 952,68**	**6 201,57**	**248,89**	**4,18**
HPB indien van toepassing	*109,02*	*117,09*	*8,07*	*7,40*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2017/18

Sub-ekonomiese Verbruik (Deernis) Waardasie: R100 000	Jaar 2016/17	Jaar 2017/18	Bedrag	% Verhoog
Belasting	15,80	16,97	1,17	7,40
Riool* Tarief Kode: **SE7A1**	32,28	34,22	1,94	6,00
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis **Een keer per week**	0,00	0,00	0,00	0,00
Water 10 kℓ	38,64	40,96	2,32	6,00
BTW	15,77	16,36	0,60	3,78
SUBTOTAAL	**144,19**	**150,21**	**6,02**	**4,18**
Elektrisiteit Voorafbetaalde Meter 350 kWh	351,58	351,05	-0,53	-0,15
BTW	49,22	49,15	-0,07	-0,15
TOTAAL	**544,99**	**550,41**	**5,42**	**0,99**
HPB indien van toepassing				

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2017/18

Medium verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie: R25 000 00	Jaar 2016/17	Jaar 2017/18	Bedrag	% Verhoog
Belasting	774,20	831,49	57,29	7,40
Riool* Tarief Kode: **SE7A1+SE8A**	304,18	322,42	18,25	6,00
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis **Een keer per week**	146,26	155,04	8,78	6,00
Water 25 kℓ	364,75	387,97	23,22	6,37
BTW	119,96	127,00	7,04	5,86
SUBTOTAAL	**1 751,05**	**1 865,63**	**114,58**	**6,54**
Elektrisiteit Voorafbetaalde Meter 800 kWh	1 336,38	1 361,83	25,46	1,91
BTW	187,09	190,66	3,56	1,91
TOTAAL	**3 274,52**	**3 418,12**	**143,60**	**4,39**
HPB indien van toepassing	*77,42*	*83,15*	*5,73*	*7,40*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - SAKE 2017/18

Sake - Medium (Drie-fase) Waardasie: R3 200 000	Jaar 2016/17	Jaar 2017/18	Bedrag	% Verhoog
Belasting	1 914,67	2 056,35	141,69	7,40
Riool* Tarief Kode: **SE7D1+SE8A 1**	517,48	548,52	31,04	6,00
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis **Een keer per week 3**	438,78	465,12	26,34	6,00
Water 40 kℓ	736,64	780,83	44,19	6,00
BTW	242,84	257,06	14,22	5,86
SUBTOTAAL	**3 892,11**	**4 149,59**	**257,48**	**6,62**
Elektrisiteit Kredietmeter 7000 kWh	11 015,86	11 818,50	802,64	7,29
BTW	1 542,22	1 654,59	112,37	7,29
TOTAAL	**16 450,19**	**17 622,68**	**1 172,49**	**7,13**
HPB indien van toepassing	*191,47*	*205,64*	*14,17*	*7,40*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2017/18

Lae verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie: R1 000 000	Jaar 2016/17	Jaar 2017/18	Bedrag	% Verhoog
Belasting	300,20	322,41	22,21	7,40
Riool* Tarief Kode: **SE7A1+SE8A**	223,47	236,87	13,40	6,00
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis **Een keer per week**	146,26	155,04	8,78	6,00
Water 15 kℓ	226,08	240,98	14,90	6,59
BTW	89,25	94,44	5,19	5,82
SUBTOTAAL	**1 026,96**	**1 091,45**	**64,50**	**6,28**
Elektrisiteit Voorafbetaalde Meter 600 kWh	972,56	991,18	18,62	1,91
BTW	136,16	138,76	2,61	1,91
TOTAAL	**2 135,67**	**2 221,39**	**85,72**	**4,01**
HPB indien van toepassing	*30,02*	*32,24*	*2,22*	*7,40*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ONBEBOUDE ERWE 2017/18

Waardasie gemiddeld	Jaar 2016/17	Jaar 2017/18	Bedrag	% Verhoog
Waardasie: R250,000				
Belasting	135,21	145,21	10,01	7,40
Riool kan verbind Beskikbaarheid	123,20	108,54	-14,66	-11,90
Vullis Beskikbaarheid	73,12	77,51	4,39	6,00
Elektrisiteit Beskikbaarheid	254,78	267,52	12,74	5,00
Water Beskikbaarheid	114,93	121,83	6,90	6,00
Infrastruktuur Basiese Heffing Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	41,70	0,00	0,00
BTW	85,08	86,39	1,31	1,54
TOTAAL	**828,02**	**848,71**	**20,69**	**2,50**
HPB indien van toepassing	*13,52*	*14,52*	*1,00*	*7,40*

HPB - Hermanus Publieke Beskerming

DRINKWATER EN RIOOLWERKE-UITVLOEISEL KWALITEIT RESULTATE

OKTOBER 2016 - MAART 2017 BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	DWS ALGEMENE MAGTIGING-STANDAARDE (Van toepassing op alle WWTW's behalwe Hermanus)	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN RIOOLWERKE-UITVOEISEL KWALITEIT VIR: GANSBAAI	HAWSTON	STANFORD	KLEINMOND	HERMANUS	Hermanus Permit magtiging-Standaarde
pH	(pH)	5.5-9.5	7,2	8,2	7,4	7,5	7,4	5.5-9.5
Elektriese geleidingsvermoë	(mS/m)	150	119,1	154,7	126,3	94,2	212,0	5000
Fekale koliforme bakterie	(telling/100mℓ)	1000	403	23,0	561,2	317,7	156,8	1000
Chemiese suurstofvraag	(mg/ℓ)	75 Maks	43,6	76,9	66,2	51	50,1	75 Max
Ammoniakstikstof	(mg/ℓ as N)	6 Maks	0,4	25	1,3	10,9	3,6	7 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)	15 Maks	9,7	0,9	9,5	2,6	2,3	17 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)		0,2	0,2	0,2	0,4	0,4	
Totale swewende vaste stowwe	(mg/ℓ)	25 Maks	8	17,5	16	9,5	5,8	25 Max
Orto-fosfaat	(mg/ℓ as P)	10 Maks	5,1	5,2	5,9	4,6	3,5	10 Max

OKTOBER 2016 - MAART 2017 BESKRYWING V AN TOETS	EENHEID	STANDAARD VOLGENS SANS 0241	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN DRINKWATER KWALITEIT: Buffelsrivier (Rooi Els, Pringlebaai en Betty's Baai	Kleinmond	Hermanus	Stanford	Gansbaai	De Kelders	Pearly Beach	Baards-keerders-bos	Buffels-jagsbaai
pH	pH-eenhede	≥ 5 to ≤ 9,7	7,3	7,8	7,5	7,4	7,1	7,7	7,5	8,5	7,7
Elektriese geleidingsvermoë	mS/m	≤ 170	28,2	28,9	37,5	81,4	73,0	42,4	51,9	55,3	157,8
Troebelheid	NTU	≤ 1	0,4	0,4	0,5	0,5	0,5	0,4	0,4	0,6	0,3
Kleur	mg/ℓ as Pt-Co	≤ 15	4,5	4,5	5,0	4,0	5,0	4,3	8,3	4,5	3,4
Yster	µg/ℓ as Fe	≤ 300	24,0	43,7	73,8	-	34,2	-	30,3	48,3	80,3
Mangaan	µg/ℓ as Mn	≤ 100	-	-	19,0	-	-	-	-	44,7	-
Aluminium	µg/ℓ as Al	≤ 300	98,8	63,0	191,5	-	105,7	-	23,3	-	-
E.coli	Telling/100mℓ	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van drinkwater en finale rioolwerke-uitvloeisel publiseer. Drinkwater kwaliteit word teenoor die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 gemeet en die kwaliteit van die finale rioolwerke-uitvloeisel word gemeet teen standaarde wat deur DWS gestel word, welke standaarde as of Algemene Standaarde of Spesiale Standaarde geklassifiseer word.

Die gemiddelde drinkwater en rioolwerke-uitvloeisel kwaliteit resultate vir Overstrand se nege water-aanlegte en vyf riool suiweringsaanlegte vir die tydperk van Oktober 2016 tot Maart 2017 word in die drinkwater en rioolwerke-uitvloeisel kwaliteit tabelle aangedui. Drinkwater en rioolwerke-uitvloeisel monsters word maandeliks deur 'n geakkrediteerde laboratoria geneem waar verskillende bakteriologiese, chemiese en fisiese parameters gemeet word.

Daaruit blyk dat ons drinkwater kwaliteit van hoogstaande gehalte is, met 100% van die gemiddelde resultate wat aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater voldoen en die rioolwerke-uitvloeisel kwaliteit met 91% van die gemiddelde resultate aan die Algemene Standaarde of Spesiale Standaarde voldoen.

In gevalle waar die toetsresultate van die finale drinkwater of rioolwerke-uitvloeisel nie voldoen aan die voorgestelde standaard nie, word regstellings by die water of riool suiweringsaanleg en of in die netwerk gedoen. Die finale drinkwater of rioolwerke-uitvloeisel word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters wel aan voorgestelde standaard voldoen.

2017/18 KAPITAALPROJEKTE IN VERSKILLENDE WYKE

Overstrand	R 18 375 000,00
Inligting-en-Kommunikasietegnologie	R 1 620 000,00
Brandbestryding	R 800 000,00
Voertuie	R 9 055 000,00
Streekbegraafplaas	R 200 000,00
Elektrisiteit: Transformators	R 1 000 000,00
Waterfasiliteite (Gebeurlikheid)	R 200 000,00
Opgradering van Pompstasies	R 5 000 000,00
Rioolfasiliteite (Gebeurlikheid)	R 500 000,00
Wyk 01 - De Kelders/ Blomp/Gb, Masakhane, Fkraal	**R3 140 000,00**
Opgradering van stormwaterdreinering	R 2 900 000,00
Stormwater - Om oorstroming van residensiële eiendomme te verhoed	R 80 000,00
Vullis - aflaaifasiliteite vir huishoudelike vullis	R 80 000,00
Wyk 02 - Gansbaai, Blompark, Beverly Hill, Kleinbaai	**R 8 080 720,00**
Opgradering van munisipale jaart	R 60 000,00
Uitbreiding van bestaande begraafplaas	R 60 000,00
Strukture vir vroeëkindontwikkeling	R 100 000,00
Beverly Hills-projek (behuising)	R 4 060 720,00
Gansbaai: GKTV, SCADA, MINISUB en MV/LV Opgradering	R 3 000 000,00
Vervang Franskraal WTW GENSET	R 700 000,00
Retikulasie van Gryswater - skoolterrein (Pomppyplyn en beheertoerusting)	R 80 000,00
Aflaaifasiliteite vir vullis - Kleinbaai	R 20 000,00
Bydrae tot gemeenskaplike aflaai van huishoudelike vullis	
Wyk 03 - Hermanus, 'n gedeelte van Westcliff	**R 7 821 000,00**
Hermanus Sportkompleks	R 1 171 000,00
Hermanus: MV & LV Opgradering / Vervanging (elektrisiteit)	R 2 000 000,00
Hermanus: MV & LV Opgradering / Vervanging (elektrisiteit)	R 4 650 000,00
Wyk 04 - Hemel & Aarde Vallei, 'n gedeelte van Westcliff, Mt Pleasant	**R 5 750 000,00**
Munisipale Plaas: Verbouings en aanbouings	R 1 500 000,00
Maatreëls vir spoedkalmering	R 50 000,00
Paadjies deur die dorpsgrond in Westcliff	R 150 000,00
Plaveisel (voor die superette)	R 50 000,00
Elektrifisering van laekostebehuisingsgebiede (INEP)	R 4 000 000,00
Wyk 05 - Zwelihle	**R 288 000,00**
Opgradering van speelpark in Wyk 5	R 48 000,00
Spoedbulte in Alfred NZO-straat	R 20 000,00
Sypaadjie en spoedbulte in Ntlanzi-straat	R 220 000,00
Wyk 06 - Zwelihle	**R 3 903 168,00**
Pawiljoen waar afrigter en reserwespelers kan sit	R 100 000,00
Zwelihle-projek - Transitokamp (166)	R 676 358,00
Mandela Square / Mshenxiswa Village (Tuinterrein)	R 3 076 810,00
Sypaadjie en spoedbulte in Mahela-, Ponoane-, Nxumalo- en Salukazana-straat	R 50 000,00
Wyk 07 - Sandbaai	**R 400 000,00**
Muur/heining langs East End-straat	R 400 000,00
Wyk 08 - Hawston en Fisherhaven	**R26 753 763,00**
Uitbreiding van Thusong-sentrum	R 1 495 000,00
Opgradering van Hawston Biblioteek	R 886 164,00
Hawston-sportkompleks	R 300 000,00
Hawston-projek - IRDP (behuising)	R 9 372 599,00
Hawston - Opgradering van sypaadjie (NUUT)	R 100 000,00
Toegangsroete vir Hawston-behuisingsprojek	R 4 000 000,00
Fisherhaven - Straatligte	R 50 000,00
Hawston: MV & LV Opgradering/Vervanging	R 2 000 000,00
Hawston: Opgradering van grootmaatwater vir behuisingsprojek	R 4 500 000,00
Fisherhaven - Stormwater	R 150 000,00
Grootmaat stormwater vir Hawston-behuisingsprojek	R 3 900 000,00

Infrastruktuur-ontwikkeling in u gebied

Die meegaande tabel bied 'n breë oorsig van kapitaalprojekte vir 2017/18.

Let asseblief daarop dat die infrastruktuuruitgawes nie beperk is tot die projekte wat vir elke wyk aangedui word nie. Benewens die projekte wat onder Overstrand gelys is, is daar ook geïntegreerde projekte wat tussen wyke gedeel sal word.

Wyk 09 - Kleinmond, Mountain View, Palmiet	**R 5 895 826,00**
Opgradering van Kleinmond Biblioteek	R 245 826,00
Toerusting vir speelpark (buitemuurse toerusting vir hoofstrand)	R 70 000,00
Kleiner bates: Gemeenskaplike park (insl. kwekerye, ruigtesnyers)	R 40 000,00
Formalisering van parkeergebied, h.v. 4de Straat en 15de Laan (nuwe straatrande)	R 30 000,00
Uitbreiding van voetpad by Heuningkloof	R 100 000,00
Spoedbulte - woongebiede	R 60 000,00
Moet geïdentifiseer word (eerste area - 11de Straat, Proteadorp) Kleinmond:	
MV & LV Netwerkopgradering (elektrisiteit)	R 2 000 000,00
Vervang hoof rioollyn na rioolsuiweringswerke Fase 1	R 3 000 000,00
Bykomende belugter by Kleinmond rioolsuiweringswerke	R 350 000,00
Wyk 10 - Overhills, Betty's Baai, Rooiels, Proteadorp, Mooiuitsig, Pringlebaai	**R 4 140 000,00**
Opgradering van Overhills-gemeenskapsaal	R 200 000,00
Kleiner bates: Gemeenskaplike Park (insl. kwekerye, ruigtesnyers)	R 30 000,00
Toerusting vir speelpark (klimraam van hout)	R 50 000,00
Bou van sypaadjies (NUUT)	R 50 000,00
Nuwe reservoir vir Pringlebaai	R 3 810 000,00
Wyk 11 - Thembelihle, Eluxolweni, Stanford, B'Bos	**R 8 435 000,00**
Brandkraan / Brandweerwa	R 50 000,00
Besproeiing - Sportveld (pomp, pyplyn en beheertoerusting)	R 80 000,00
Opknapping van Rivierfront en Wandelpad	R 50 000,00
Rioolaansuiweringsopgraderingswerk - Stanford	R 8 235 000,00
Stormwater (AD HOC)	R 20 000,00
Wyk 12 - Zwelihle	**R 740 000,00**
Installering van kringtelevisie-kamera by Mandelastraat	R 223 000,00
Omheining van Bambani en Sophumelele Korridor Speelpark (NUUT)	R 77 000,00
Omheining van basketbalbaan in Jikeleza-straat (NUUT)	R 100 000,00
Grootmaat-rioollyn 525 MM Ø OHS13.2	R 340 000,00
Wyk 13 - Onrus, Vermont	**R 3 400 000,00**
Atlantic-rylaan looppad (NUUT)	R 100 000,00
Fietsbaan in Onrus-hoofweg (NUUT)	R 70 000,00
Plaveisel van parkeergebied by Jan Rabie-swembad	R 90 000,00
Straatligte	R 40 000,00
Opgradering van Kidbrooke-pyplyn	R 3 100 000,00

Dink verder as herwinning - *oorweeg zero afval*

Soos in vorige artikels genoem, is herwinning nie werklik 'n geslote-sirkel-stelsel nie, dit wil sê 'n herwonne plastiese bakkie word nie gebruik om nog 'n plastiese bakkie te maak nie, maar word afgebreek om 'n plastiese parkbankie te maak wat nie herwin kan word nie. Mense voel goed oor hul pogings om te herwin, maar herwinning verminder nie eintlik die vraag na nuwe plastiek nie en dit beteken dat meer olie gebruik word, wat natuurlik 'n eindige hulpbron is.

Ons uiteindelike doel moet wees om so min as moontlik afval te produseer, en dit beteken dat ons, waar ons kan, moet weier om enkel-gebruik-plastiek en ander plastiese verpakking te gebruik. Dit klink miskien soos 'n groot taak, en dit is, maar ons is die enigste lewensvorm op aarde wat berge vullis en oseane vol afval veroorsaak.

Hoeveel diere moet uitsterf en hoeveel dooie sones moet in die see voorkom voordat ons wakker skrik?

Ons kan nie verwag dat supermarkte of kafees enkel-gebruik-koffiekoppies of plastiese inkopiesakke moet verban as daar so 'n groot vraag van kliënte is nie. Hierdie handelaars se primêre mikpunt is om hul klante gelukkig te hou en hul winsmarge gesond te hou. Dit is dus JOU plig as 'n klant wat omgee om die vraag na oorverpakte produkte, wegneemetes in polistireen, plastiese sakke, koeldrankbottels, ens. te verminder.

En wanneer mense minder van hierdie items gebruik, sal minder daarvan vervaardig word. Stem met jou beursie vir wat jy wil hê – dit word verbruikerskrag genoem!

Koop grootmaat waar jy kan, kies glas eerder as plastiek in 'n winkel, hou 'n vurk in jou sak sodat jy nie 'n plastiese een met jou wegneemete nodig het nie, hou herbruikbare inkopiesakke byderhand, moenie oorverpakte goedere koop of dinge wat jy nie regtig nodig het nie. Dink net hoeveel geld jy sal spaar!

Stel doelwitte vir jouself. As jy elke week 'n swart sak uitsit, probeer om dit maandeliks te doen, of begin 'n komposhoop of 'n Bokashi-emmer. Ons sal volgende maand kyk na hoe ons herwinning kan verminder. Vir meer inligting oor 'rethink a bag', **skakel asseblief vir Fiona by 082 373 6607** of besoek die Facebook-bladsy. Dink weer oor enkel-gebruik-plastiek.

Tekens op verkeerspale jammer, maar nee

Ongelukkig veroorsaak tekens op sekere straatpale, insluitend dié by stopstrate, asook A-borde en onwettige sleepwaens wat langs die paaie geparkeer word, 'n obstruksie en dit kan motoriste se aandag aflei terwyl hulle bestuur. "Dit is dus 'n gevaar en daarom word tekens deur 'n verordening gereguleer," het Burgemeesters-komiteelid vir Beskermingsdienste, Rdl Arnie Africa, verduidelik.

Daarbenewens moet buitereklame en tekens nie die funksionering en veiligheid van verkeer en/of voetgangers in gevaar stel nie. Die voorkoms, grootte of verligting van sulke tekens moet ook nie die karakter van 'n dorp beïnvloed nie. Onwettige tekens op heinings en vullisdromme kan ook 'n negatiewe uitwerking op die omgewing as geheel hê.

Volgens Rdl Africa is wetstoepassingsbeamptes voortdurend besig om as deel van die afdwinging van die verordening onwettige plakkate te verwyder wat op die pale van verkeersligte en stopstrate gehang word.

"Sommige van die tekens word baie laag gehang en kan 'n gevaar vir voetgangers op die sypaadjies inhou," het hy bygevoeg. Hy het ook bevestig dat tekens nie op enige soort verkeersverwante paal toegelaat word nie.

Overstrand Munisipaliteit doen 'n beroep op die sakegemeenskap om die korrekte prosedure vir reklame te volg kragtens die verordening met betrekking tot buitereklame en tekens.

Sake-eienaars en belangstellende partye kan hulself vertroud maak met die gemelde verordening wat op die munisipaliteit se webwerf verskyn - **besoek www.overstrand.gov.za, klik op 'By-laws' en dan op 'Outdoor Advertising and Signage'.**

Die aansoek om op advertensieborde en/of plakkate te adverteer moet deur die munisipaliteit goedgekeur word voordat advertensies vertoon word. Versuim om sodanige goedkeuring te verkry sal daartoe lei dat die munisipaliteit dit dadelik verwyder.

Is u 'n landbouer? U kan vir 'n korting kwalifiseer!

Landbou-eiendomme sal teen die "PLASE"-tarief belas word, onderhewig daaraan dat die eienaar/landbouer die munisipaliteit voorsien van bewys dat die eiendom vir bona fide boerderydoeleindes aangewend word. **Aansoekvorms is beskikbaar op ons webblad by www.overstrand.gov.za. Enige navrae in verband met bogemelde kan gerig word aan Overstrand se Belasting- en Databeheerkantoor by telefoon 028 313 8000 of faks 028 312 1894 of per e-pos na enquiries@overstrand.gov.za.** **Slegs geldig vanaf 1 Julie 2017*

Is u 'n pensioenaris? U kan vir 'n korting kwalifiseer!

Afgetrede en gestremde persone kwalifiseer vir spesiale kortings op eiendomsbelasting volgens hulle totale bruto maandelikse huishoudelike inkomste. Om vir die korting te kwalifiseer:

- Die eienaar(s) moet 'n Suid-Afrikaanse burger(s) wees
- Die aansoeker(s) moet die geregistreerde eienaar(s) wees
- Die eienaar(s) moet die eiendom as sy/haar/hul primêre woning bewoon
- Die eienaar(s) moet ten minste 60 jaar oud wees of 'n ongeskiktheidspensioen van die staat ontvang
- Die bruto maandelikse huishoudelike inkomste kan nie meer as agt keer die staatsbefondsde maatskaplike pensioen per maand beloop nie
- Die eiendom kan nie uit meer as een wooneenheid bestaan nie
- Die aansoeker(s) kan nie die eienaar(s) van meer as een eiendom wees nie

Aansoekvorms is beskikbaar op ons webblad by www.overstrand.gov.za. Enige navrae in verband met bogemelde kan gerig word aan Overstrand se Belasting- en Databeheerkantoor by telefoon 028 313 8000 of faks 028 312 1894 of per e-pos na enquiries@overstrand.gov.za. **Slegs geldig vanaf 1 Julie 2017*

Koppeling van GOP aan begroting 2017/18

Die Raad van Overstrand Munisipaliteit het die munisipaliteit se vyf-jaar Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die tydperk 2017/18 - 2021/22 goedgekeur. Die GOP is die munisipale strategie van die Raad. Die begroting gee uitvoering aan die GOP en dui aan watter fondse aan die strategiese doelwitte bestee sal word. Kommentaar is gedurende April 2017 tydens die padskoue oor die GOP en begroting ontvang en is, waar toepaslik, by die finale planne ingewerk.

Die munisipale begroting vir 2017/18 beloop R1,135 miljard, waarvan R1,037 miljard aan bedryfsuitgawes (OPEX) en R97,6 miljoen aan kapitaaluitgawes (CAPEX) bestee sal word.

OPEX dek die dag-tot-dag uitgawes van die munisipaliteit en 50% van die bewilligde fondse sal vir die voorsiening en instandhouding van munisipale dienste aangewend word. 20% sal onderskeidelik aan die voorsiening van demokratiese, verantwoordbare en etiese regering en aan die bevordering van toerisme, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bestee word. Die oorblywende 0,28% en 10% sal onderskeidelik aangewend word vir die aanmoediging van gestruktureerde gemeenskapsdeelname aan die sake van die munisipaliteit en vir die daarstelling en handhawing van 'n veilige en gesonde omgewing.

CAPEX word aangewend vir infrastruktuurontwikkeling (kapitaalprojekte) en 69% van die kapitaalbegroting van R97,6 miljoen word bewillig vir die voorsiening en instandhouding van munisipale dienste. Die ander 31% sal gebruik word vir projekte wat verband hou met die GOP se strategiese doelwitte om toerisme, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling te bevorder, 'n veilige en gesonde omgewing te vestig en handhaaf, gestruktureerde gemeenskapsdeelname aan die sake van die munisipaliteit aan te moedig en demokratiese, verantwoordbare en etiese regering te voorsien.

Die behoeftes wat in die GOP geïdentifiseer word, word nie alles deur die munisipaliteit befonds nie. Toelaebefondsing van die nasionale en provinsiale regering, wat 14% van die totale 2017/18-munisipale begroting uitmaak, dek aspekte soos behuising, onderwys, gesondheid, biblioteke en sport en ontspanning. Munisipaliteit Overstrand sal toesien dat die aanwending van alle fondse streng gemonitor word en dat die behoeftes van ons gemeenskappe binne die beperkings van die beskikbare begroting aangespreek word.

Honde en openbare ruimtes - verontwaardiging oor 'nuwe teken' wat honde op Onrus-strand verbied

'n Nuut opgerigte teken, 'geen honde op strand nie', het oor die naweek groot ontsteltenis veroorsaak onder honde-eienaars wat dekades reeds die fasiliteit gebruik om hul diere fiks te hou. Die teken is sedertdien verwyder.

Honde moet aan 'n leiband gehou word

Hoewel honde steeds die strande kan geniet, sal hulle bewegings meer beperk word om aan die munisipaliteit se Verordening oor Honde en Katte te voldoen.

Artikel 6(2) en (3) van bogenoemde verordening is duidelik in konteks en letterlike interpretasie: "Geen persoon mag toelaat of veroorsaak dat 'n hond in 'n openbare ruimte is tensy die hond aan 'n leiband is nie. Let daarop dat openbare ruimtes enige strand, pad, paadjie, brug, voetpad of tuin; en enige ander plek onder die beheer van die munisipaliteit insluit".

Honde-eienaars wat gebruik maak van Overstrand se strande wat Blou Vlag-status ontvang het, naamlik Grotto, Hawston en Kleinmond, moet gehoor gee aan die bepaling dat geen honde op hierdie strande toegelaat sal word terwyl die Blou Vlag wapper nie.

Eienaars van troeteldiere word ook versoek om nie die honde se ontlasting in die sand te begrawe of in die see te gooi nie. Daar word van hulle verwag om die ontlasting op te tel en dit in sakkies in die korrekte dromme te plaas.

Enige oortreding van die verordening kan by Wetstoepassing aangemeld word by 028 313 8980 of die Overstrand-beheerkamer by 028 313 8000/8111.

TWEE JONG PROFESSORE SAL OVERSTRAND SE GEHOOR NA HUL ASEM LAAT SNAK!

OVERSTRAND ARTS/KUNSTE (OAK) sal Sondagmiddag, 23 Julie 2017 die klavierduo Spina en Benignetti in konsert aanbied. **Eleonora Spina en Michele Benignetti** van Italië speel sedert 2013 saam en het reeds in verskeie internasionale klavierkompetisies met die eerste prys weggeloop. Met vier hande op een klavier sal die duo werk van Mozart, Rachmaninov, Lombardi en Barber opvoer. *Die konsert vind plaas in die Burgerlike Ouditorium in Hermanus en begin om 15h30. Skakel die TOERISMEKANTOOR by 028 312 2629 om te bespreek. Kaartjies kos R140 en R60 vir studente. Skakel René du Plooy by 082 940 4238 vir verdere navrae.*